LAERSKOOL BAILLIE PARK

SPORTBELEID

Hoof

BL: Voorsitter

6 April 2022

S P O R T B E L E I D

1. Inleiding en Regulatoriese Raamwerk

Laerskool Baillie Park se visie is om goed afgeronde leerders met holistiese vaardighede te ontwikkel. In lyn hiermee beywer die skool en beheerliggaam hom nie net vir die akademiese ontwikkeling van leerders nie, maar ook vir leerders se ontwikkeling op sport, kultuur en ander vlakke deur middel van buitekurrikulêre aktiwiteite.

Buitekurrikulêre aktiwiteite by 'n openbare skool verwys na aktiwiteite wat nie met die akademiese kurrikulum verband hou nie. Skoolsport val binne die definisie van buitekurrikulêre aktiwiteite.

Aangesien sport nie deel uitmaak van die kurrikulum nie, val dit nie onder die skoolhoof se professionele bestuur waarvoor hy/sy aan die provinsiale onderwyshoof (Departement van Onderwys) verantwoording doen nie.

Die skoolhoof en skoolpersoneel het dus geen oorspronklike bevoegdhede wat betref die sport van 'n skool nie, wat dié aktiwiteite deel maak van die funksies en verantwoordelikhede van die beheerliggaam.

Artikel 19(2) van die Skolewet bepaal dat skoolhoofde en ander beamptes van die Departement van Onderwys die beheerliggaam van alle nodige hulp in die uitvoering van sy werksaamhede moet voorsien. Hoewel die beheerliggaam nie opvoeders direk opdrag kan gee om by buitekurrikulêre aktiwiteite betrokke te raak nie, kan dit wel indirek deur middel van die skoolhoof geskied aangesien dit deel vorm van Personeeladministrasiereëls wat buitekurrikulêre verantwoordelikhede insluit.

2. Die Beheerliggaam se standpunt rakende sport

Die Beheerliggaam van Laerskool Baillie Park se standpunt is om sport deel te maak van sy doelstelling om sy visie en missie vir die skool te bereik. Dit is deel van die waardeproposisie van Laerskool Baillie Park om leerders holisties te onwikkel. Hierdie ontwikkeling vorm dus ook deel van die verwagting van ouers wanneer hulle hul kinders by Laerskool Baillie Park inskryf. Daarom is sport ook belangrik vir die bemarking van die skool aan voornemende ouers en leerders ten einde geskikte leerders in te neem.

Die provinsiale onderwysdepartement mag nie aan 'n skool voorskryf watter sport by 'n skool beoefen mag word nie, of waar en hoe dit moet gebeur nie. Die aanbieding van sport by Laerskool Baillie Park is daarom ten volle 'n funksie eie aan die skool en sy Beheerliggaam en daarom word die riglyne daar rondom vasgelê in hierdie dokument.

3. Ons Sportbeleid se Visie en Missie

Die Beheerliggaam beskou sport as 'n integrale deel van 'n kind se opvoedkundige en emosionele ontwikkeling. Dit spruit uit die volgende voordele vir ons leerders wat voortspruit uit die beoefening van sport:

a) Psigiese en emosionele voordele:

- Selfvertroue;
- Spangees en kameraadskap;
- Leerders leer om teleurstelling te hanteer;
- Leerders leer om druk te hanteer;

- Ontwikkeling van selfdissipline en aanvaarding van reëls en gesag;
- Positiewe groepsdruk wat lei tot groei;
- Ontwikkeling en ontdekking van passie;
- Ontwikkeling van hegte nuwe vriendskappe;
- Ontdekking van rolmodelle en positiewe beïnvloeding deur sulke rolmodelle;
- Sport help as stres ontlading en lei tot emosionele welvaart;
- Ontwikkeling van leiers.

b) Liggaamlik

- Ontwikkeling en verbetering van koördinasie en balans;
- Verbetering van fiksheid en algemene gesondheid;
- Versterking van skelet, spiere en ligamente;
- Vestiging van goeie slaap patrone.

c) Ander

- Ontwikkeling van loopbaan potensiaal deur professionele spel, sekondêre loopbane as afrigters, in verslaggewing ens.;
- Ontwikkeling van belangstelling in loopbane van sportgeneeskunde soos fisioterapie en menslike bewegingskunde.

Gegewe die vele voordele van sport is ons missie om:

- Elke deelnemende leerder 'n genotvolle ervaring op die sportveld te gee;
- Te verseker dat leerders met die nodige vaardighede afgerig word om hulle volle potensiaal te ontwikkel;
- Te verseker dat gemotiveerde, goed toegeruste, kundige afrigters die leerders sal afrig om die nodige vaardighede aan te leer.

Die Sportbeleid word deur die Beheerliggaam geïmplementeer om te verseker dat ons skool se sportstruktuur leerders emosioneel en fisies ontwikkel. Die ontwikkeling gebeur binne ons skool se bestuursraamwerk van die onderwysers.

4. Struktuur

Die Hoof aanvaar verantwoordelikheid vir die sinvolle implementering van hierdie beleid ten einde die visie en missie van die Beheerliggaam vir die skool te verseker.

Die Hoof dra die administratiewe en koördinerings bestuursverantwoordelikhede oor aan die Sporthoof.

Elke sportkode word afsonderlik bestuur deur 'n Sportorganiseerder. Elke Sportorganiseerder werk saam met die Sporthoof en Sportkoördineerder om die nodige ervare afrigters vir spanne aan te stel.

Die afrigter is verantwoordelik vir die afrigting van 'n spesifieke sportsoort.

'n Sportkoördineerder vorm die administratiewe skakel tussen die Sporthoof en die Sportorganiseerders en verseker dat fasiliteite, afrigting, toere en kommunikasie en bemarking doeltreffend plaasvind.

Huidige sportkodes aangebied in skoolverband deur Laerskool Baillie Park en waarvoor daar Sportorganiseerders aangestel moet wees, is as volg:

- Atletiek (Landloop)
- Bergfiets ry
- Boogskiet
- Gholf
- Hokkie
- Krieket
- Netbal
- Rugby
- Skaak
- Swem
- Tennis

Verantwoordelikhede van die Sportorganiseerders:

- Opstel en voorlegging van jaarlikse begroting vir sy/haar sportkode;
- Vasstelling van oefentye en fasiliteite vir oefening;
- Aanstelling van bevoegde afrigters vir elke jaargroep se spanne;
- Aanstelling en inhuur van buite afrigters indien nodig;
- Reël van addisionele wedstryd-geleenthede vir liga voorbereiding;

- Vervoer na en van weg wedstryde;
- Veiligheids- en toesigmaatreëls;
- Terugvoer en verslagdoening van prestasie en moontlike eretoekennings.

Die Beheerliggaam het ook 'n sport portefeulje. Die Beheerliggaamlid van sport wat namens die Beheerliggaam oorsigtelik fungeer, sal verseker dat die volgende aspekte behoorlik plaasvind:

- die koördinering van sportaktiwiteite deur die sport koördineerder;
- dat alle aktiwiteite professioneel plaasvind;
- te verseker dat alle sportspanne of -deelnemers voldoende afrigters/organiseerders het;
- om na te gaan dat elke sportsoort by die begroting hou;
- sport geriewe en ander fasiliteite in stand gehou word en verbeter word waar dit mag nodig wees.

Die Beheerliggaam beskou die volgende punte ook as belangrik in die konteks van sport by Laerskool Baillie Park:

- Die Beheerliggaam besef dat sport sterk emosie kan ontlok by beide spelers en toeskouers en dat dit moontlik kan lei tot ongewenste gedrag. Die Beheerliggaam sal gedragsreëls gedurende sport geleenthede streng toepas en daar sal dissiplinêre stappe gevolg word teen gereelde oortreders. Die dissiplinêre kode vir toeskouers sal elke jaar aan ouers uitgestuur word. 'n Positiewe ervaring vir die leerders is 'n groot prioriteit vir die Beheerliggaam.

- Baillie Park Sportbestuur moet ernstig poog om te verhoed dat 'n afrigter/onderwyser dieselfde ouderdom/jaargoep vir meer as een sportsoort per jaar afrig. Die beheerliggaam wil hierdeur vir leerders die geleentheid bied om blootstelling en mentorskop te kry by meer as een individu.

- Spankeuses sal streng op 'n meriete basis geskied en geen spelers mag bevoordeel of benadeel word vir enige omstandighede buiten sportvaardighede nie. Die beste span moet altyd gekies word.

- Spanne word bepaal deur proewe te speel waar minstens 2 keurders betrokke is by die spankeuse. Finale spanne moet voor liga-wedstryde gekies word. Ouers mag nie inmeng met spankeuses nie en moet ook die besluit oor spankeuse van die Afrigter respekteer.

- In geval van nuwe intrekkers en beserings gedurende 'n spesifieke sportseisoen, moet die Afrigter, Sportorganiseerder en Sporthoof duidelike riglyne gee om die nuwe intrekkers en voldoende kans te gee om deel te neem. Dit geld ook wanneer reserwes opgetrek moet word van ander spanne in dieselfde ouderdomsgroep.

5. Sportbestuur Organogram



6. Beleidswysigings

Die Skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

Hierdie dokument is voorgehou en bespreek aan die bespreek aan die Beheerliggaamslede tydens ‘n amptelike beheerliggaamvergadering, gehou 10 Maart 2022 en onderteken deur die gemagtigde persone wat die beleid in werking stel en uitvoerbaar maak.

_____ _____

Mnr. N.B. Tromp **Datum**
Beheerliggaamvoorsitter

_____ _____

Mnr. P.A. Müller **Datum**
Skoolhoof